



Lêerno.: 21/2/11/4/Physical Sciences Olympiads
Verywsing: 20240219-1756

Kurrikulum AOO-minuut: 0003/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, AOO- en VOO-koördineerders, Vakadviseurs vir Natuurwetenskappe in die Senior en Intermediêre Fase, Vakadviseurs vir Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase en Prinsipale van alle gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: Uitnodiging om graad 4- tot 9-leerders vir die Natuurwetenskappe-olimpiade, graad 10- tot 11-leerders vir die Lewenswetenskappe-olimpiade en Fisiese Wetenskappe-olimpiade, en graad 7-leerders vir die AstroQuiz-kompetisie in 2024 te registreer

1. Die olimpiades vir Natuurwetenskappe, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe, asook die AstroQuiz-kompetisie is projekte wat deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir die Bevordering van Wetenskap en Tegnologie (SAABWT), 'n sake-eenheid van die Nasionale Navorsingstigting (NNS), geborg word.
2. Die olimpiades vir Natuurwetenskappe, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe, asook die AstroQuiz-kompetisie is stimulerende aktiwiteite wat van deelnemers verwag om kritiese denke, probleemoplossingsvaardighede, vindingrykheid en kreatiwiteit te demonstreer. Die AstroQuiz-kompetisie is slegs vir graad 7-leerders en is gegrond op temas wat met sterrekunde verband hou, soos die afdeling oor "Planeet Aarde en die Ruimte" in die Natuurwetenskappe-kurrikulum. Hierdie kompetisies ondersteun die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se strategie vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe. Die toppresteerders kom in aanmerking vir indrukwekkende pryse.
3. Die olimpiades vir Natuurwetenskappe, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe en die AstroQuiz-kompetisie is daarop gemik om:
 - 'n belangstelling in wetenskappe by leerders te skep en hulle aan te moedig om in die Verdere Onderwys-en-Opleidingsfase wetenskappe by hul vakkeuses in te sluit;
 - opvoeders wat Natuurwetenskappe, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe onderrig, te ondersteun en hul klaskamerpraktyk te verbeter;

- bewustheid en insig in basiese sterrekunde te kweek;
- 'n belangstelling in loopbaangeleenthede in sterrekunde en ander wetenskappe te kweek; en
- leerders met 'n talent vir Natuurwetenskappe, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe te identifiseer.

4. Inligting oor 2024 se Natuurwetenskappe-olimpiade

Natuurwetenskappe: Graad 4 tot 6	Natuurwetenskappe: Graad 7 tot 9
<ul style="list-style-type: none"> • Inskrywing van leerders: Skole skryf via die aanlyn platform in. Klik op die volgende skakel: https://olympiad.saasta.ac.za/ • Sluitingsdatum: Maandag, 08 April 2024 • Sluitingsdatum vir inskrywingsgeld: Vrydag, 31 Mei 2024 • Eksamendatum: Dinsdag, 23 Julie 2024 • NNS-SAABWT sal die vraestelle vir die olimpiade per koerier aan skole stuur. • Skole sal die antwoordblaaie per koerier aan NNS-SAABWT terugstuur. • Rondes: Slegs een ronde. • Waar: Die vraestel word by die skool geskryf. • Formaat: veelvuldigekeusevrae (40 vrae) • Taal: Engels en Afrikaans • Tydsduur: 1½ uur word toegelaat (11:30 tot 13:00) • Wie mag deelneem: Die olimpiade is oop vir alle graad 4- tot 6-leerders. • Samestelling van vraestel: <ul style="list-style-type: none"> ○ Ouditiewe geheue – 20% ○ Begrip – 30% ○ Toepassing – 30% ○ Ontleding – 20% • Voorbereiding: Opvoeders is welkom om vorige vraestelle af te laai en in die klas te gebruik. Klik op die skakel hieronder en rol af tot by "Download Past Papers": https://www.saasta.ac.za/competitions/natural-science-olympiad/ 	<ul style="list-style-type: none"> • Inskrywing van leerders: Skole skryf via die aanlyn platform in. Klik op die volgende skakel: https://olympiad.saasta.ac.za/ • Sluitingsdatum: Maandag, 08 April 2024 • Sluitingsdatum vir inskrywingsgeld: Vrydag, 31 Mei 2024 • Eksamendatum: Woensdag, 24 Julie 2024 • NNS-SAABWT sal die vraestelle vir die olimpiade per koerier aan skole stuur. • Skole sal die antwoordblaaie per koerier aan NNS-SAABWT terugstuur. • Rondes: Slegs een ronde. • Waar: Die vraestel word by die skool geskryf. • Kies tussen 'n aanlyn eksamen of 'n vraestel wat skriftelik afgelê word (Dié opsie is slegs beskikbaar vir die olimpiade vir graad 7 tot 9.) • Formaat: veelvuldigekeusevrae (60 vrae) • Taal: Engels en Afrikaans • Tydsduur: twee uur word toegelaat (12:00 tot 14:00) • Wie mag deelneem: Die Olimpiade is oop vir alle graad 7- tot 9-leerders. • Samestelling van vraestel: <ul style="list-style-type: none"> ○ Ouditiewe geheue – 20% ○ Begrip – 30% ○ Toepassing – 30% ○ Ontleding – 20% • Voorbereiding: Opvoeders is welkom om vorige vraestelle af te laai en in die klas te gebruik. Klik op die skakel hieronder en rol af tot by "Download

<ul style="list-style-type: none"> • Opleidingsessie: Sodra hulle ingeskryf het, sal opvoeders in Kwartaal 2 genooi word om 'n aanlyn opleidingsessie by te woon oor hoe om hul leerders te help om die persoonlike inligting op die antwoordblad in te vul. • Koste: R35 per leerder, per olimpiade. • Navrae: nsops@saasta.ac.za 	<p>Past Papers":</p> <p>https://www.saasta.ac.za/competitions/natural-science-olympiad/</p> <ul style="list-style-type: none"> • Opleidingsessie: Sodra hulle ingeskryf het, sal opvoeders in Kwartaal 2 genooi word om 'n aanlyn opleidingsessie by te woon oor hoe om hul leerders te help om die persoonlike inligting op die antwoordblad in te vul. • Koste: R35 per leerder, per olimpiade. • Navrae: nsops@saasta.ac.za
--	--

5. Inligting oor 2024 se Lewenswetenskappe-olimpiade en Fisiese Wetenskappe-olimpiade

Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe: Graad 10 en 11
<ul style="list-style-type: none"> • Inskrywing van leerders: Skole skryf via die aanlyn platform in – klik op die volgende skakel: https://olympiad.saasta.ac.za/ • Sluitingsdatum: Maandag, 08 April 2024 • Sluitingsdatum vir inskrywingsgeld: Vrydag, 31 Mei 2024 • Eksamendatums: <ul style="list-style-type: none"> ○ Lewenswetenskappe – Dinsdag, 23 Julie 2024 ○ Fisiese Wetenskappe – Donderdag, 25 Julie 2024 • NNS-SAABWT sal die vraestelle vir die olimpiades per koerier aan skole stuur. • Skole sal die antwoordblaaie per koerier aan NNS-SAABWT terugstuur. • Rondes: Slegs een ronde • Waar: Die vraestelle sal by die skool geskryf word. • Formaat: veelvuldigekeusevrae (100 vrae) • Taal: Engels en Afrikaans • Tydsduur: drie uur word toegelaat (12:00 tot 15:00) • Wie mag deelneem: Die olimpiades is slegs oop vir alle graad 10- en 11-leerders. • Samestelling van vraestelle: <ul style="list-style-type: none"> ○ Ouditiewe geheue – 20% ○ Begrip – 30% ○ Toepassing – 30% ○ Ontleding – 20% • Vorbereiding: Opvoeders is welkom om vorige vraestelle af te laai en in die klas te gebruik: https://www.saasta.ac.za/competitions/national-science-olympiad/ Klik op die skakel en rol af tot by "Download Past Papers". • Opleidingsessie: Sodra hulle ingeskryf het, sal opvoeders in Kwartaal 2 genooi word om 'n aanlyn opleidingsessie by te woon oor hoe om hul leerders te help om die persoonlike inligting op die antwoordblad in te vul. • Koste: R35 per leerder per olimpiade • Navrae: scienceolympiad@saasta.ac.za

6. Die WKOD sal die inskrywingsgeld van 30 leerders per skool, per fase vir skole met STEM-klubs (klubs vir Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde) en vir die Wiskunde-, Wetenskap- en Tegnologie- (WWT-) fokusskole betaal. Al hierdie skole moet nie later nie as 15:00 op **Maandag, 08 April 2024** 'n bewys of afskrif van hul leerderinskrifings per e-pos stuur aan: Suanne Rampou, Suanne.Rampou@westerncape.gov.za, Natuurwetenskappe. Jean Goliath, Jean.Goliath@westerncape.gov.za, Lewenswetenskappe. Marius Diergaardt, Marius.Diergaardt@westerncape.gov.za, Fisiese Wetenskappe.

7. Reëls vir 2024 se AstroQuiz-kompetisie

Hierdie kompetisie is slegs oop vir graad 7-leerders. Daar is vier rondes wat as volg sal verloop:

Algemeen

- Elke span bestaan uit vier leerders (nie meer of minder nie).
- Inskrywings is gratis.
- Vir Ronde 1 skryf skole via die registrasieplatform in: <https://www.saasta.ac.za/competitions/astroquiz/astroquiz-2024-registration-forM/>
- Geen skool mag 'n ronde oorslaan nie.
- Alle skole moet hul uitslae indien voordat hulle toegelaat sal word om vir Ronde 2 in te skryf.
- Ronde 1 sal nie aanlyn geskryf word nie en sal by die skool geskryf word.
- Rondes 2 tot 4 sal aanlyn plaasvind.
- Opleidingsessie oor hoe om vir Ronde 2 te registreer: Opvoeders sal 'n uitnodiging ontvang.
- Elke ronde bestaan uit 30 veelvuldigekeusevrae.
- Die topdrie-spanne in die provinsiale ronde en die topdrie-spanne in die nasionale ronde kom in aanmerking om pryse te wen.
- Die sluitingsdatum vir inskrywings is: **Vrydag, 15 Maart 2024.**

Ronde 1: Donderdag, 11 April 2024 – Sal by die skool geskryf word

- In hierdie stadium het die opvoeder die keuse om óf **nie** die graad 7-leerders wat aan die vasvra deelneem te beperk **nie**, óf een tot twee spanne met vier lede elk te kies.
- Die vraestel sal per e-pos aan alle opvoeders wat teen die sluitingsdatum geregistreer het, gestuur word.
- Alle graad 7-leerders kan by die skool deelneem.
- Sodra die vasvra geskryf is, verskaf die opvoeder die uitslae op die dokument wat hulle saam met die vraestel ontvang het, aan die NNS-SAABWT.
- Leerders het 30 minute om die ronde te voltooi.
- Die opvoeder besluit/kies watter span/he (maksimum van twee spanne) hulle vir Ronde 2 wil inskryf.

Ronde 2: Donderdag, 25 April 2024 – Distrik (aanlyn)

- Elke opvoeder wat hul uitslae van Ronde 1 aan NNS-SAABWT gestuur het, sal die skakel ontvang om hul span/ne in te skryf. Hoogstens twee spanne per skool sal in Ronde 2 toegelaat word.
- Spanne ding binne 'n distrik mee.
- Die topdrie-spanne per distrik dring deur na die provinsiale ronde.
- Tyd: spanne het 30 minute om die vasvra te voltooi.
- Indien daar skole in die top drie is wat in Ronde 2 gelykop eindig, sal al die spanne wat gelykop geëindig het, toegelaat word om deur te gaan na Ronde 3.
- Indien twee spanne van dieselfde skool gelykop eindig, sal daar 'n uitklopronde wees om te bepaal watter span na Ronde 3 sal deurdring.
- Indien die spanne ná die uitklopronde steeds gelykop eindig, sal die NNS-SAABWT kyk na die tyd wat dit die spanne geneem het om die oorspronklike aanlyn vasvra vir Ronde 2 te voltooi om die wenner te bepaal. Die span wat die oorspronklike aanlyn vasvra in die vinnigste tyd voltooi het, sal die wenner van die uitklopronde wees en deurdring na die volgende ronde.

Ronde 3: Donderdag, 11 Julie 2024 – Provinsiaal (aanlyn)

- Spanne ding teen die wenspanne van alle distrikte in hul onderskeie provinsies mee.
- Spanne ding mee om die topdrie-posisies in die provinsie.
- Tyd: spanne kry 30 minute om die vasvra te voltooi.
- Die wenspan dring deur om die provinsie in die nasionale ronde, dit wil sê Ronde 4, te verteenwoordig.
- Spanne wat gelykop eindig in die topdrie-posisies in hul provinsie, sal 'n uitkloptoets moet skryf. Indien die spanne ná afloop van die uitklopronde steeds gelykop eindig, sal die NNS-SAABWT kyk na die tyd wat dit die spanne geneem het om die oorspronklike aanlyn vasvra vir Ronde 3 te voltooi om die wenner te bepaal.

Ronde 4: Donderdag, 08 Augustus 2024 – Nasionaal (aanlyn)

- Spanne ding mee om die topdrie-nasionale posisies.
- Tyd: spanne kry 30 minute om die vasvra te voltooi.
- Indien daar spanne in die topdrie-posisies is wat gelykop eindig, sal die span wat dit in die vinnigste tyd voltooi het, die wenner wees. Daar sal geen uitkloprondes wees nie.

8. Die topdrie-spanne in die provinsiale ronde, asook die topdrie-spanne in die nasionale ronde sal pryse ontvang. Alle leerders sal elektroniese sertifikate vir deelname ontvang. Stuur asseblief enige navrae in hierdie verband na astro@saasta.ac.za.

9. Die WKOD wil graag soveel skole moontlik aanmoedig om deel te neem aan 2024 se nasionale olimpiades vir Natuurwetenskappe, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe, asook die AstroQuiz-kompetisie.

10. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag te bring van alle opvoeders wat Natuurwetenskappe, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe vir graad 4 tot 11 onderrig.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-03-04